ceebee
tot die punt **skuld invordering**

NUUSBRIEF
Augustus 2024

IN DIE UITGAWE

- Oorhandigings Voorbereiding
- Sharepoint vir Sukses
- Egskeidings en Onderhoudsooreenkomste
- Nuwe CeeBee Skole

WELKOM BY DIE DERDE KWARTAAL!

Welkom by die derde kwartaal. Die laaste paar maande was ’n interessante invorderingstyd.

In Mei was daar minder invorderings weens die verkiesings en dus ’n bykomende openbare vakansiedag. Tradisioneel is dit ook so dat debiteure geneig is om hul geld langer terug te hou tydens onseker tye.

Alhoewel CeeBee gemiddeld R15 miljoen per maand invorder, was Junie ’n “perfekte storm” vir invorderings. Junie was ’n maand van 30 dae, met die einde van die maand wat op ’n Sondag geval het, en langer skoolvakansies wat ook oor die maandeinde geval het.

Ons is bly om te rapporteer dat ons Julie-invorderingsyfers herstel het en ons is op koers om sowat R15 miljoen in te vorder.

NUUSFLITS

! Ons is nou in staat om buitelandse burgers te lys volgens hul paspoortnommers, solank hulle ekonomies aktief is. !

OORHANDIGINGS VOORBEREIDING

Dit is tyd on oorhandigings voor te berei.

Jy het nou jou uitstaande ouers 90 dae gegee om óf te betaal óf ’n betalingsreëling te tref. Die rekeninge waar jy geen betalings of betalingsreëlings ontvang het nie, moet dus nou oorhandig word. As jy nie oorhandig nie, skep jy ’n kultuur van nie-betaling.

i As jy betyds oorhandig, kan ons jou ouers rehabiliteer. Dan het jy volgende jaar betalende ouers.

Die volgende inligting word van die skool benodig om die oorhandigde debiteure suksesvol op CeeBee se stelsel te laai:

1. Opgedateerde, gedetailleerde skoolstate wat al die jare van skuld weerspieël.
2. Ouer(s) se inligting (kontakbesonderhede, ID-nommers, fisiese adres, e-posadres, ens.)
3. Enige finansiële korrespondensie tussen ouers en die skool.

Let asseblief daarop dat die ouers se ID-nommers van kardinale belang is, aangesien ons nie kredietlyste kan opstel of opspoor sonder ’n ID-nommer nie. Om dit vir ons skole makliker te maak om oor te handig, kan jy vir ons die nodige inligting deur SharePoint verskaf.

SHAREPOINT VIR SUKSES

Ons bied ’n makliker manier vir skole om dokumente by CeeBee in te dien.

Ons kan ’n SharePoint-lêer vir jou skool skep as ’n veilige plek om inligting aanlyn te stoor, te organiseer, en te deel. Jy kan ook die lêer vanaf enige toestel oopmaak.

Al jou inligting word veilig in die wolk gestoor. Slegs die skool en senior CeeBee-personeellede het toegang tot hierdie lêer.

Om dit te gebruik, benodig jy net ’n internetverbinding en ’n webblaaier soos Microsoft Edge, Internet Explorer, Chrome of Firefox.

Voordele van die gebruik van SharePoint:

- Dit bespaar die skool geld op ink en papier.
- Dit bespoedig die oordrag van dokumentasie na en van CeeBee.
- Onbeperkte berging.
- Die data bly op die SharePoint-lêer vir toekomstige verwysing.
- Maklike toegang.
- Dien as jou gesentraliseerde bron van inligting.



As jy belangstel in die SharePoint-lêer, beantwoord asseblief hierdie e-pos en ons sal een vir jou skep. Sodra die lêer deur CeeBee geskep is, sal CeeBee die SharePoint-skakel vir die skool se lêer na die skool stuur. Die skool kan dan lêers op die aanlyn platform oplaai vir nuwe oorhandigings, skoolstate, ensovoorts.

ceebee
tot die punt skuld invordering

EGSKEIDINGSBEVELE EN ONDERHOUDSOOREENKOMSTE

Verander egskeidingsbevele of onderhoudsooreenkomste die aanspreeklikheid van partye vir die betaling van skoolgeld?

Die antwoord is nee! Betaling van skoolgeld in Staatskole word gereguleer ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet (84 van 1996).

Ons verwys na die saak tussen Meeding v Hoër Tegniese Skool Sasolburg 2012 ZAFSHC 137. MB v NB 2010 (3) SA 220 wat in die Bloemfonteinse Hooggeregshof aangehoor is.

Die saak handel oor egskeidingsooreenkomste en die betaling van skoolgeld. Die hof het die vraag gestel of die egskeidingsooreenkoms die posisie van die Suid-Afrikaanse Skolewet verander, waarvolgens albei ouers aanspreeklik is om skoolgeld te betaal.

Die regter het beslis dat die egskeidingsooreenkoms nie van toepassing is op enigiemand wat nie 'n party tot die egskeidingsooreenkoms is nie, en verder dat die egskeidingsooreenkoms nie die posisie van die Suid-Afrikaanse Skolewet verander nie, aangesien ouers steeds gesamentlik aanspreeklik is om skoolgeld te betaal.



In OLD MUTUAL LIFE ASSURANCE CO (SA) LTD EN 'N ANDER v SWEMMER 2004 (5) SA 373 (SCA), is bevestig dat egskeidings- en onderhoudsbevele nie bindend is op derde partye nie, maar slegs tussen die partye of ouers, tensy sodanige derde party in die regsgeding genoem is.

Opdatering van die lessenaar van Simone Porter
Besturende Direkteur (LLB)

NUWE CEEBEE SKOLE

Die volgende skole het by die CeeBee-familie aangesluit:

Gauteng: Laerskool President Steyn, Three Rivers Christian Academy, Robin Hood Academy, Hoërskool Elsburg, Clartal Akademie, Orban School, Seekers Private School, Jacaranda Academy, Edenglen Ridge Primary School. **Limpopo:** Laerskool Nylstroom
Mpumalanga: Hazyview Primary School **Vrystaat:** Humansvlakte Primêre Skool
Noord-Kaap: Adamantia Hoërskool **Oos-Kaap:** Susannah Fourie Primary School
Wes-Kaap: Active Online School **KZN:** Greytown Junior Primary School.

Om van die CeeBee-nuusbrief uit te teken, beantwood die pos met Unsubscribe in die onderwerplyn.

Volg ons op sosiale media!

0860 CB DEBT (0861 22 33 28)
+27 11 913 2447
www.ceebee.co.za